# LITERATUURVERWYSINGS

BALES, R.F.,1952. *Interaction process analysis, a method for the study of small groups*. Addison Wesley Press, Cambridge.

BARON, R.A. & BYRNE, D., 1991. *Social psychology: Understanding human interaction.* Simon and Schuster, Inc., Needem Heights, MA 02194.

BEAL,G.M., BOHLEN, J.M. & RAUDABAUGH, J.H., 1969. *Leadership and dynamic group action*. Iowa State University Press, Ames.

BLAKE, R.R. & MOUTON, JANES., 1978. *The new managerial grid.* Gulf Publishing Co. Houston, Texas.

CARTWRIGHT, D. & ZANDER, A., 1970. *Group dynamics research and theory*. 3rd Ed Tavistock, London.

COOPER, J.E. & McGAUGH, J.L., 1969. Leadership: Integrating principles of social psychology. In C.A. Gibb (Ed.), *Leadership*. Baltimore : Penguin.

DüVEL, G.H., 1980. *Die Studiegroep*. Suid-Afrikaanse Instituut vir Landbouvoor-ligting.Univ.Pretoria.

FIEDLER, F.E., 1964. A contingency model of leadership effectiveness. In L. Berkowitz (Ed.) *Advances in experimental social psychology*. (Vol. 1) New York : Academic Press.

FISCHER, B.A., 1980. *Small group decision making.* Mc Graw-Hill Book Company, New York.

GEIER, J.G., 1967. A trait approach to the study of leadership in small groups. *Journal of Communication*, (17).

GIBB, C.A., 1950. The sociometry of leadership in temporary groups. *Sociometry,* (13).

GROENEVELD, H.T., 1996. *Persoonlike mededeling*. Univ. Pretoria.

HARE, A.P., 1952. A study of interaction and concescus in different sized groups. *American Sociological Review,* 261 – 267.

JORDAAN, W. & JORDAAN J., 1989. *Mens in konteks*. Tweede uitgawe. Lexicon Uitgewers, Johannesburg.

JOUBERT, D.D. & STEYN, A.F., 1971. *Groepsdinamika – 'n inleiding tot die studie van klein groepe*. Univ. Uitgewers, Stellenbosch.

KIRKPATRIC, S. & LOCKE, E. 1991. Leadership: Do traits matter? *Academy of Management Executive*, 5(2):68–60.

KLEIN, J., 1975. *Working with groups*. Hutchinson & Co. London.

KLENKE, K., 1991. *Journal of Management Systems,* 3(3)

LARSON, C., 1969. A hypothetical model of leader emergence. *Journal of Communiction*. 17.

LEWIN, K.C., 1951. Field theory in social science. Harper & Brothers, New York.

LIPPET, R. & WHITE, R.K., 1952. *An experimental study of leadership and group life*. Readings in Social Psychology, Holt, New York.

LIPPET, G.L., 1969. *What do we know about leadership?* National Training Laboratories, National Education Association. Leadership in action, Washington, D.C., 7 – 11.

MILES, M.B., 1971. *Learning to work in groups.* New York Teachers College Press.

OHLSON, M.M., 1977. *Group counseling.* Holt. New York.

PIGORS, P., 1935. Leadership or domination, soos aangehaal deur Gibb, C.A. : The Principles and traits of leadership, in *Journal of Abnormal and Social Psychology* 1947, 42:267.

REEVES, E.T., 1970. *The dynamic of group behaviour.* American Management Ass. Inc.

RÖLING, N., 1987. *Paradigm of glut – the new context for extension.* Paper presented at international Workshop on "Management of Agricultural Extension for poverty alleviation, Hyderabad, India, February 23- 27, 1987.

SCHMIKL, E., 1978. Groepdinamika leierskap en doelwitbereiking. *S. Afr. Tydskr. Landbouvoorligting*, 7:43-46.

STOGDILL, R.M., 1948. Personal factors associated with leadership: a survey of the literature. *Journal of Psychology,* 25:35–71.

STOGDILL, R.M., 1974. *Handbook of leadership.* The Free Press. Macmillan publishing Co. Inc. New York.

THERON, C.H.B., 1978. *Interne dinamika van grondbewaringskomitees in Natal.* M. Inst. Agrar. Verhandeling. Univ. Pretoria.

TORQUET, P.M., 1974. *Leadership: The individual and the group in analysis of groups.* Jossey – Bass Publishers. London.

WORCHEL, S., COOPER, J. & GOETHALS, G.R., 1991. *Understanding social psychology.* Brooks/Cole Publishing Company. Wadsworth Inc. Belmont, California.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# BYLAAG A

## VRAELYS OOR DIE FUNKSIONERING VAN STUDIEGROEPE IN DIE NOORDELIKE PROVINSIE

**Naam van Studiegroep:**
**Lidnaam:**
**Adres:**

**Tel. No.:**
***Ouderdom (jare):***
**Boerdery-ondervinding (jare:**

**VRAAG 1** Indien die tyd, afstand en ledegeld in terme van Randwaarde uitgedruk word en ons ken 'n indekswaarde van 100 as gemiddeld daaraan toe. Waar sal u die nutwaarde wat die studiegroep vir u het as 'n indekswaarde aandui?

**VRAAG 2** Beoordeel die fisiese plek van vergadering van u studiegroep aan die hand van die volgende 9-puntskaal:

1 = Lokaal of plek van vergadering geval my glad nie
5 = Lokaal of plek van vergadering geval my ten volle maar kan verbeter
9 = Kan geensins verbeter op plek of lokaal van vergadering nie

**VRAAG 3** Is u ten volle tevrede met die tyd, van u studiegroep se vergaderings? Beoordeel u eie mening op die volgende 10-puntskaal:

1 = Stem glad nie saam nie
10 = Ek is ten volle tevrede

**VRAAG 4** Op dieselfde skaal is u tevrede met die tydsduur van vergaderings?

**VRAAG 5** Beoordeel u studiegroep se (geestelike/psigiese) atmosfeer aan die hand van die volgende 10-puntskaal:

a) 1 = Daar heers 'n atmosfeer van vyandskap, suspisie, agressie en lusteloosheid
10 = Daar heers 'n besondere goeie atmosfeer van warmte en aangename gevoelens

a) 1 = Lede voel geïsoleerd
10 = Lede word gehelp om deel van die groep te voel

c) 1 = Daar is geen samewerking onder lede nie
10 = Daar is besonder goeie onderlinge samewerking tussen alle lede

**VRAAG 6** Beoordeel die kommunikasiepatrone binne u studiegroep aan die hand van die volgende 10-puntskaal:

a) 1 = Slegs eenrigtingkommunikasie – slegs luistergroep
10 = Groepslede neem vrylik maar georden deel aan besprekings – tweerigtingkommunikasie vind altyd plaas

b) 1 = Geen poging word aangewend om kommunikasie binne die groep te bevorder nie
10 = Daar word besliste pogings aangewend om goeie kommunikasie tussen groepslede te bevorder

**VRAAG 7** Word daar voldoende tyd aan studiegroeplede gebied om aan besprekings tydens die vergadering deel te neem? Beoordeel aan die hand van die volgende 19-puntskaal:

1 = Veels te min geleentheid
10 = Voldoende tyd
19 = Veels te veel tyd

**VRAAG 8** Hoeveel meer of minder tyd aangedui as 'n persentasie sal nodig wees om die ideale toestand in die studiegroep te bereik?

Indien meer tyd dui aan met plus (+). Indien minder tyd dui aan met minus (-) in blokkie 8.

**VRAAG 9** Hoeveel studiegroepvergaderings het u die afgelope jaar bygewoon?

**VRAAG 10** Vind vergaderings op 'n vasgestelde patroon, met ander woorde met behulp van 'n voorafopgestelde agende, plaas?

a) Elke keer beslis (3)
b) Somtyds maar nie elke keer (2)
c) Nee glad nie (1)
d) Weet nie (0)

**VRAAG 11** Die deelname van elke studiegroeplid aan al die aktiwiteite van die studiegroep is uiters belangrik:

a) Watter persentasie van die lede doen meer as wat van hulle verwag word?
b) Watter persentasie doen slegs dit wat van hulle verwag word?
c) Watter persentasie van die lede bring nie hulle kant nie?

**VRAAG 12** Beskik die studiegroep waarvan u lid is oor 'n konstitusie?

Ja (3)
Nee (2)
Weet nie (1)

**VRAAG 13** Indien u studiegroep 'n konstitusie het, word daar sekere vereistes gestel waaraan die lid moet voldoen bv afwesigheid sonder verskoning, betaling van ledegeld, deelname aan studiegroepaktiwiteite ens. Beoordeel hierdie vereistes aan die hand van die volgende 9-puntskaal:

1 = Vereistes is veels te hoog gestel
5 = Vereistes is realisties gestel
9 = Vereistes is veels te laag gestel

**VRAAG 14** Beoordeel u studiegroep se konstitusie aan die hand van die volgende 10-puntskaal:

1 = Die konstitusie is 'n blote riglyn wat uiters buigbaar moet wees
10 = Die konstitusie is 'n absolute riglyn wat tot die letter toegepas moet word

**VRAAG 15** Na aanleiding van u antwoord op vraag 14. Wat is u siening m.b.t. die rol van 'n konsitusie? Bepreek:

**VRAAG 16** Sekere studiegroepe word gekenmerk deur 'n sogenaamde "ons gevoel" (we-feeling) (die mate waartoe u as groep aanslae van buite sal verdra). Slaan u groep aan ten opsigte van die eienskap "ons gevoel" op die volgende 10-puntskaal:

1 = Totale gebrek aan "ons gevoel"
10 = Uiters sterk "ons gevoel"

**VRAAG 17** Hoe sterk is die mate van individualiteit teenwoordig in u studiegroep? Beoordeel op die volgende 10-puntskaal:

1 = Algehele gebrek aan individualiteit
10 = Sterk gevoel van individualiteit teenwoordig

**VRAAG 18** Aan watter ander groepe behoort u ook? Noem asseblief die groepe:

**VRAAG 19** Noem asseblief in volgorde die groepe waarvan u die graagste lid is en na uitsien om byeenkomste van by te woon:

**VRAAG 20** Beoordeel asseblief die "ons gevoel" in groepe wat u in vraag 19 aangedui het op die volgende 10-puntskaal:

1 = Totale gebrek aan "ons gevoel"
10 = Uiters sterk "ons gevoel"

**VRAAG 21** Beoordeel die moontlike effek van elk van die volgende aspekte afsonderlik, op die "ons gevoel" van u studiegroep op die volgende 10-puntskaal:

1 = Dit het geen effek nie
10 = Dit het 'n uiters sterk effek

Toon aan met 'n plus (+) of die effek positief van aard of met 'n miuns (-) of dit negatief van aard is.

a) Finansiële posisie van lede
b) Plaasgrootte
c) Kerk- en godsdiensverskille
d) Politieke verskille
e) Doelstellings van die groep
f) Die konstitusie van die groep

**VRAAG 22** Bekende organisasie in u gebied, waarvan u ook lid is, reël 'n boeredag wat bots in terme van datum en tyd met u studiegroepvergadering. Die onderwerp wat tydens die boeredag bespreek word kom in 'n mate ooreen met die studiegroep se onderwerp. Indien geen ooreenkoms bereik kan word, watter optrede gaan u volg?

a) Sal studiegroepvergadering bywoon (4)
b) Sal boeredag bywoon (3)
c) Sal nie een van die twee bywoon nie (2)
d) Weet nie wat om te doen nie (1)

**VRAAG 23** Die bewering word gemaak dat: U studiegroep uiters swak funksioneer en nog niks positief bygedra het tot die lede se boerderybedryf nie. Beoordeel die stelling aan die hand van die volgende 10-puntskaal:

1 = Die stelling is beslis waar
10 = Dit is beslis 'n valse stelling en van alle waarheid ontbloot

**VRAAG 24** Sien u die stelling soos uiteengesit in die vorige vraag, as:

i) 'n Aanval op u groep (2)
ii) Bloot 'n oordeel van u groep (1)
iii) Weet nie? (0)

**VRAAG 25** Elke studiegroeplid het 'n spesifieke rol of taak om te vervul ten einde die groep effektief te laat funksioneer. Hoe duidelik is dit vir u uitgespel?

Beoordeel op die volgende 10-puntskaal:

1 = Ek weet glad nie waar ek inpas en wat van my verwag word nie
10 = Ek weet presies waar ek inpas en wat van my verwag word

**VRAAG 26** Daar word dikwels verwys na die homogeniteit (eendersheid) en/of die heterogeniteit (verskeidenheid) wat daar bestaan binne 'n studiegroep. Wat is die huidige situasie met betrekking tot homogeniteit en heterogeniteit binne u studiegroep? Beoordeel op die volgende 10-puntskaal:

1 = Studiegroep is absoluut homogeen. Lede verskil weinig van mekaar in terme van waardes, belange en moontlikhede, agtergrond, ens.
10 = Die studiegroep is absoluut heterogeen. Lede verskil van mekaar in terme van waardes, belange en moontlikhede, agtergrond, ens.

**VRAAG 27** Op dieselfde skaal as in vraag 26:

Wat sal u as die ideale situasie met betrekking tot homogeniteit en heterogeniteit beskou?

**VRAAG 28** Die grootte van u studiegroep is ............ lede

Wat beskou u as die minimum groepgrootte en wat die maksimum grootte van 'n groep?

**VRAAG 29** Hoe word u studiegroep se werksaamhede evalueer/ Bespreek kortliks:

i) Weet beslis (3)
ii) Het 'n halwe idee (2)
iii) Weet glad nie (1)

**VRAAG 30** Die evaluasieproses is 'n baie belangrike aspek van 'n studiegroep se werksaamhede. Tydens die proses van evaluasie word daar bepaal die mate van sukses en/of mislukking wat die studiegroep bereik. Is daar vordering gemaak? Ja of Nee? Dit geskied normaalweg op 'n gereelde grondslag. Die vraag ontstaan nou in watter mate evalueer u groep sy vordering of agteruitgang? Beoordeel asseblief die volgende:

i) Werklike vordering of agteruitgang in die bedryf bv. opbrengs was 3 ton nou is dit 4,5 ton per hektaar
ii) Die deeglikheid van die evaluasieproses – vind op 'n gereelde basis plaas ten minste 3 – 4 maal per jaar of slegs eenkeer per

jaar – jaarverslag van voorsitter – dit sluit alle aspekte van die studiegroep in.

1 = Minimum evaluasie vind plaas
10 = Optimum evaluasie vind plaas

**VRAAG 31** Op dieselfde 10-puntskaal wat sal u as die ideale situasie beskou:

i) Werklike vordering/agteruitgang in die bedryf
ii) Deeglikheid van evaluasieproses

**VRAAG 32** Verduidelik u antwoord wat u op vraag 31 gegee het, m.a.w. wat moet nog bykomend of minder gedoen word tydens evaluasie?

**VRAAG 33** Noem asseblief u studiegroep se belangrikste doelstellings (ten minste 4)

| | |
|---|---|
| Weet beslis | (3) |
| Het 'n halwe idee | (2) |
| Weet glad nie | (1) |

**VRAAG 34** Beoordeel u studiegroep se doelstellings aan die hand van die volgende 9-puntskaal:

1 = Doelstellings is onrealisties laag
5 = Doelstellings is realisties
9 = Doelstellings is onrealisties hoog

**VRAAG 35** Beoordeel die doelstelling van u studiegroep aan die hand van die volgende 10-puntskaal:

1 = Vaag en nie evalueerbaar
10 = Baie duidelik en evalueerbaar

**VRAAG 36** Deur wie behoort die doelstellings van 'n studiegroep opgestel te word:

| | | |
|---|---|---|
| i) | Landboukundiges | (4) |
| ii) | Voorsitter en landboukundiges | (3) |
| iii) | Bestuur alleen | (2) |
| iv) | Die groep as geheel | (1) |
| v) | Weet nie | (0) |

**VRAAG 37** Daar is vandag verskeie ander organisasies en groepe in u gebied werksaam en/of funksionerend. Beoordeel:

i) Hierdie groepe/organisasies soos u dit sien
ii) Hierdie groepe/organisasies soos die gemeenskap hulle sien, aan die hand van die volgende 10- puntskaal:

1 = Die groepe/organisasies se teenwoordigheid is glad nie belangrik in die gebied nie en lewer geen bydrae tot die gemeenskap nie.

10 = Die groepe/organisasies se teenwoordigheid in die gebied is baie belangrik en lewer 'n groot bydrae tot die gemeenskap.

i) Boereverenigings
ii) Distriks landbou-unie
iii) Landbougenootskap (skou)
iv) Direksie van Koöperasie
v) Hulpbronbewaringskomitee
vi) Landboukredietkomitee
vii) Studiegroep
viii) Kerkraad
ix) Skoolraad
x) Padraad
xi) Distriksontwikkelingsvereniging
xii) Sportklub
xiii) Kultuurorganisasie
xiv) Kommando
xv) Telersvereniging
xvi) Ander (noem)

(Indien die groep/organisasie nie in u gebied voorkom nie laat blanko).

**VRAAG 38** Beoordeel die aksies/aktiwiteite van u studiegroep aan die hand van die volgende 9-puntskaal:

1 = Alle aksies is slegs gerig tot eie voordeel
5 = Alle aksies is slegs gerig tot eie en gemeenskapsvoordeel
9 = Alle aksies is slegs gerig tot gemeenskapsvoordeel

**VRAAG 39** Op dieselfde skaal van die voorafgaande vraag, wat sal u as die ideale situasie beskou?

**VRAAG 40** Wat kan of behoort die studiegroep te doen ten einde die ideale situasie te bereik? Noem asseblief (ten minste vier):

**VRAAG 41** Indien u studiegroep ingeskakel of gekoppel is aan die plaaslike distriks landbou-unie, in watter mate geskied hierdie koppeling?

i) Doen gereeld verslag van studiegroepaktiwiteite op DLU vergaderings (4)
ii) Doen eenmaal per jaar verslag op DLU vergadering (3)
iii) Is ingeskakel maar doen niks nie (2)
iv) Is glad nie ingeskakel of gekoppel aan DLU nie (1)
v) Weet nie (0)

**VRAAG 42** Wat beskou u as die wenslike optrede t.o.v. vraag 41?

**VRAAG 43** Hoeveel tyd spandeer u aan elk van die organisasies/ groepe wat u in vraag 19 genoem het? Maak van die volgende gebruik:

| | | |
|---|---|---|
| i) | Voorbereiding vir vergadering/byeenkoms | ............... ure |
| ii) | Tydsduur van vergadering/byeenkoms | ............... ure |
| iii) | Reistyd na en vanaf vergadering | ............... ure |
| iv) | Nabetragtingstyd | ............... ure |
| | Totaal: | ............... ure |

**VRAAG 44** Indien omstandighede u toelaat om 'n verdere 12 ure te wy aan groep-en/of organisasiewerk, hoe sal u tydsverdeling dan daaruit sien?

**VRAAG 45** Hoeveel kilometer lê u gemiddeld per byeenkoms/vergadering/maand af vir:

i) Die studiegroep en sy aktiwiteite ..................... km
ii) Die ander organisasies/groepe ..................... km

**VRAAG 46** Hoeveel persone in u groep sal u reken is:

a) Beter as die huidige voorsitter in sy optrede?
b) Gewilder as die leier?

**VRAAG 47** Met betrekking tot die taak of werksverdeling binne u studiegroep, beoordeel u voorsitter aan die hand van die volgende 15-puntskaal:

1 = Leier doen alles self
7,5 = Leier delegeer tot 'n punt waar almal, insluitende hyself, eweveel doen
15 = Leier delegeer alles en doen self niks

**VRAAG 48** Wat beskou u as die ideale situasie ten opsigte van taak of werksverdeling? Beoordeel asseblief aan die hand van die skaal in vraag 47:

**VRAAG 49** Die studiegroep waarvan u lid is het 'n sekere prestasie behaal. Watter rol het die voorsitter van die groep gehad met betrekking tot die prestasie behaal? Beoordeel asseblief aan die hand van die volgende 10-puntskaal:

1 = Geen rol gespeel nie
10 = Uiters waardevolle rol gespeel

**VRAAG 50** Voltooiing van die leierskapsgedragsvraelys

**VRAAG 51** Verskeie tegnieke word in die studiegroep en sy aktiwiteite toegepas. Beoordeel die wenslikheid en waarde van elk van die tegnieke aan die hand van die volgende 10-puntskaal:

1 = Geen waarde
10 = Uiters waardevol

a) Lesing deur 'n deskundige
b) Lesing deur 'n boer buite die groep
c) Lesing deur 'n studiegroeplid self
d) Groepbespreking na lesing
e) Vooraf voorbereiding oor onderwerp deur alle lede – inleiding deur 'n lid en groepbespreking na lesing
f) Geen lesing – slegs groepbespreking oor 'n onderwerp – alle lede moet voorberei
g) Groepbespreking na lesing opgevolg met kommentaar deur spreker
h) Oop groepbespreking opgevolg deur lesing of kommentaar van 'n kundige

**VRAAG 52** Die toeken van werkopdragte (huiswerk) aan studiegroeplede is 'n tegniek wat by studiegroepe toegepas word of toegepas kan word. Het of kan werkopdragte enigsins bydra tot:

i) groepshandhawing (maak die studiegroep sterk)
ii) kennisvermeerdering van lede

Beoordeel i) en ii) afsonderlik op die volgende 9-puntskaal:

1 = Besonder nadelig en afbrekend
5 = Dra niks by nie
9 = Dra geweldig baie by

**VRAAG 53** Indien daar 'n wisseltrofee of skild deur 'n organisasie of instansie aan u studiegroep geskenk word, wat sal u houding wees ten opsigte van kompetisie tussen die groepslede? Beoordeel aan die hand van die volgende 9-puntskaal:

1 = Geheel-en-al onaanvaarbaar
5 = Aanvaarbaar
9 = Uiters aanvaarbaar

**VRAAG 54** Indien genoemde trofee geskenk word vir kompetisie tussen verskillende studiegroepe. Beoordeel asseblief u houding aan die hand van die volgende 9-puntskaal:

1 = Geheel-en-al onaanvaarbaar
5 = Aanvaarbaar
9 = Uiters aanvaarbaar

**VRAAG 55** Die skrywe van 'n toets om studiegroeplede se kennis met betrekking tot sekere boerderyfassette te bepaal word by sommige studiegroepe toegepas. In watter mate sal u sê het dit 'n effek op:

i) Groephandhawing?
ii) Kennisvermeerdering van lede?

Beoordeel i) en ii) op die volgende 9-puntskaal:

1 = Besonder nadelig
5 = Dra niks by nie
9 = Uiters voordelig en dra geweldig baie by

**VRAAG 56** Is die tegniek, waar u toets moet skryf vir u aanvaarbaar, wanneer:

i) U anoniem bly maar tog weet wat my kennis was in vergelyking met die groep?
ii) Anoniem bly en self nie weet hoe ek gevaar het nie?
iii) Almal weet wat elkeen se punte is?

Beoordeel i) en ii) en iii) aan die hand van die volgende 15-puntskaal:

1 = Geheel-en-al onaanvaarbaar
7,5 = Aanvaarbaar
15 = Uiters aanvaarbaar

**VRAAG 57** In u studiegroep en sy aktiwiteite word daar van sekere tegnieke gebruik gemaak. Watter getal vergaderings word daar aan die volgende tegnieke gewy.

i) Lesing – deskundige
ii) Werkopdrag en lesing deur studiegroeplid
iii) Lesing -boer buite die groep
iv) Groepbespreking (alleen)
v) Toetsskryf

**VRAAG 58** Ten opsigte van vraag 57 wat behoort die gewenste getal te wees?

i) Lesing – deskundige
ii) Werkopdragte en lesing deur studiegroeplede
iii) Lesing – boer buite die groep
iv) Groepbespreking (alleen)
v) Toetsskryf

**VRAAG 59** Die vraag ontstaan of die verskillende tegnieke enige bydrae kan lewer om u kennis te vermeerder. Beoordeel dit asseblief aan die hand van die volgende 10-puntskaal:

1 = Geen kennisvermeerdering
10 = Kennis kan baie vermeerder
i) Lesing – deskundige
ii) Werkopdragte en lesing deur studiegroeplede
iii) Lesing – boer buite die groep
iv) Groepbespreking (alleen)
v) Toetsskryf

**VRAAG 60** Beoordeel die sosiale verkeer, wat by sommige studiegroepe gereeld na byeenkomste plaasvind ten opsigte van:

i) Groephandhawing
ii) Persoonlike waarde vir my
iii) Kennisvermeerdering,

aan die hand van die volgende 10-puntskaal:

1 = Geen waarde
10 = Uiters waardevol

**VRAAG 61** Behoort die sosiale verkeer na studiegroepbyeenkomste:

i) Te vermeerder? (3)
ii) Te verminder? (2)
iii) Te bly soos tans is? (1)
iv) Weet nie? (0)

**VRAAG 62** Die volgende persoonlikheidseienskappe waaroor 'n leier behoort te beskik word aan u voorgelê:

Beoordeel: i) Uself as leier en
ii) elke ander lid in die groep ten opsigte van elk van die eienskappe aan die hand van die skaal waar:

1 = Uiters swak
10 = Uiters goed

a) Bekwaamheid

i) Organisasievermoë
ii) Pligsgetrouheid
iii) Doelgerigtheid
iv) Deskundigheid
v) Oorredingsvermoë
vi) Selfversekerdheid

b) Gewildheid

i) Entoesiasme
ii) Diplomasie & takt
iii) Menseverhoudings
iv) Agting
v) Onpartydigheid

**VRAAG 50** Leierskapgedragsvraelys

**Naam:** **Studiegroep:**

Die volgende items beskryf aspekte van leierskapsgedrag. Reageer op elke item volgens hoe u na alle waarskynlikheid as leier van 'n werkgroep sou optree. Plaas 'n sirkel om die letter wat u gedrag die beste beskryf, -

**A (Altyd), D (Dikwels), V (Van tyd tot tyd), S (Selde), of N (Nooit nie).**

As ek 'n Groepleier was ...............

| | | |
|---|---|---|
| A D V S N | 1. | Sou ek waarskynlik as die woordvoerder optree |
| A D V S N | 2. | Sou ek groepslede volkome vryheid in hulle werk toelaat |
| A D V S N | 3. | Sou ek die gebruik van eenvormige prosedures ontmoedig |
| A D V S N | 4. | Sou ek die lede toelaat om hulle eie oordeel in die oplossing van probleme te gebruik |
| A D V S N | 5. | Sou ek die lede voortdurend tot groter inspanning aanspoor |
| A D V S N | 6. | Sou ek lede toelaat om hulle werk na die beste van hulle eie denke te doen |
| A D V S N | 7. | Sou ek die werk teen 'n vinnige tempo handhaaf |
| A D V S N | 8. | Sou ek die lede vrye teuels toelaat in die afhandeling van 'n taak |
| A D V S N | 9. | Sou ek groepkonflikte oplos wanneer dit ontstaan |
| A D V S N | 10. | Sou ek huiwerig wees om lede enige vryheid van optrede toe te laat |
| A D V S N | 11. | Sou ek nie besluit wat gedoen sal word en hoe dat dit gedoen moet word nie |

| | | |
|---|---|---|
| A D V S N | 12. | Sou ek druk om verhoogde produksie uitoefen |
| A D V S N | 13. | Sou ek nie groepslede tot spesifieke take toewys nie |
| A D V S N | 14. | Sou ek gewillig wees om veranderings aan te bring |
| A D V S N | 15. | Sou ek die voorgelegde werk skeduleer |
| A D V S N | 16. | Sou ek weier om my optrede te verduidelik |
| A D V S N | 17. | Sou ek andere oortuig dat my idees tot hulle voordeel strek |
| A D V S N | 18. | Sou ek nie die groep toelaat om hulle eie tempo te bepaal nie |

T____________________ M ____________________

(Blake & Mouton, 1978)